

# ERFGROND (C)

## Graad 7



### A DOEL

Om by die Penkop en Drawwertjie:

1. 'n Liefde en respek vir ons land te kweek.

### B VEREISTES

Elke Penkop en Drawwertjie moet:

1. 'n Studie maak van die omgewing onder die volgende opskrifte:
  - Grondsoorte.
  - Plantegroei.
  - Klimaat.
  - Boerdery.
  - Menslike bedrywighede. Mynbou, boerdery, nywerhede.
2. 'n Studie maak van 'n deel van ons land wat totaal van sy eie omgewing verskil, ook onder die opskrifte soos by vereiste 1.
3. Deelneem aan 'n bewaringsprojek.
4. Kennis maak met 'n organisasie wat optree in belang van ons land se grond en plantegroei byvoorbeeld landskapsontwikkeling of natuurbewaringsaksies.
5. Inligting bekom oor en besoek bring aan 'n instansie waar grondstowwe verwerk word, byvoorbeeld sementfabriek, myn, gruisgroef of steenmakery en ook op die bewaringsaspek van die omgewing let.
6. 'n kaart van die land teken en die volgende daarop invul:
  - drie bekende bergreekse.
  - drie groot riviere.
  - drie nasionale parke.
  - drie botaniese tuine en/of drie erfenisterreine.
7. Foto's of prente van die nasionale dier, blom, voël, boom en vis bestudeer en 'n kort beskrywing van elkeen gee.

### C AANBIEDING

1. Wanneer ons van omgewing praat, is dit die distrik waarbinne die spesialisasie aangebied word. Vereistes 1 en 2 se studies moet nie net vae stellings wees nie, maar feite wat bewys kan word. Hierdie is nie 'n spanpoging nie.
2. Vereiste 3: Reël vroegtydig met 'n boer, natuurbewaarder of munisipaliteit om vas te stel waar hulp nodig mag wees. Voortrekkers is nie net stofsuiers nie. Lewer dus 'n sinvolle diens.
3. Vereiste 4 en 5: Besoeke aan betrokke instansies moet vroegtydig gereël word. Die persoon wat die aanbieding doen moet presies weet wat u van hom verwag. Die kinders moet gereed wees met vrae, werksblaai en aantekeningboek.
4. Vereiste 6: Teken of kopieer 'n kaart (minstens A4) en dui verlangde besonderhede daarop aan. Vul ook naby geleë dorpe in. Prente of foto's kan ook daarop aangebring word. 'n Kort beskrywing van elke punt sal nodig wees.
5. Vereiste 7: Wees kreatief en maak iets besonders van ons nasionale groot vyf.